# BELANGRIKE FEITE OOR DIE WET OP DIE BEKAMPING VAN HUISHOUDELIKE GEWELD

FEITE-BLAD

**Gender Research & Advocacy Project**
**LEGAL ASSISTANCE CENTRE**
Windhoek, Namibia, 2008




## Wat is huishoudelike geweld?

Huishoudelike geweld is wanneer geweld gepleeg word teenoor 'n familielid of iemand wat in 'n verhouding met die aanrander is. Wanneer kinders slagoffers hiervan is, staan dit bekend as "kindermishandeling".

## Wat is 'n huishoudelike verhouding?

- Die huwelik
- Saamlewe/saamwoon (om as man en vrou saam te lewe sonder om getroud te wees)
- Kêrel en meisie
- Twee mense wat optree as ouers vir 'n kind
- Ouers en hulle kinders
- Familielede met huishoudelike verbande, byvoorbeeld 'n oom wat vir sy niggie of nefie skoolfooie betaal

## Voorbeelde van huishoudelike geweld

1. **Fisiese aanranding**, soos slaan, skop of brand.
2. **Seksuele misdade**, soos verkragting of om iemand te dwing om seksuele omgang te hê.
3. **Ekonomiese sanksies**, soos om iemand die reg op geld of items wat hulle nodig het te ontneem (byvoorbeeld kos en hul eie salarisse).
4. **Intimidasie**, deur iemand doelbewus te dreig en angstig te maak.
5. **Teistering**, deur iemand te volg en gesprekke aan te knoop waarvan hulle nie hou nie.
6. **Betreding**, deur iemand se huis of erf te betree sonder toestemming terwyl hulle nie saamwoon nie.
7. **Emosionele, mondelingse of sielkundige mishandeling**, hierdie is 'n gedragspatroon van herhaalde beledigings, vernederings en jaloesie.
8. **Dreigemente**, om te dreig om enige van bogenoemde te doen is huishoudelike geweld.

Huishoudelike geweld beteken ook om 'n kind bloot te stel aan seksuele aanranding, mondelinge mishandeling of fisieke mishandeling.

### Wat kan jy doen as jy huishoudelike geweld ervaar?

(1) Jy kan aansoek doen by 'n magistraatshof om 'n beskermingsbevel.
(2) Jy kan 'n klag by die polisie lê.
(3) Jy kan die polisie vra om 'n formele waarskuwing aan die mishandelaar te gee.

Jy kan na die polisie gaan en terselfdertyd ook aansoek doen om 'n beskermingsbevel.

## Wat is 'n beskermingsbevel?

'n Beskermingsbevel is 'n hofbevel wat die oortreder beveel om sy/haar gewelddadige optrede stop te sit, of om weg te bly van die mense wat hy/sy dreig of mishandel, of dat selfs hy/sy die huis moet verlaat.

## Hoe doen jy aansoek om 'n beskermingsbevel?

1. Jy kan na die Magistraatshof toe gaan. Jy het nie 'n prokureur nodig nie en die Hofklerk sal jou help om die vorms in te vul.
2. Jy moet alle getuies wat die aanranding gesien het asook enige mediese rekords saamneem.
3. Die Magistraat sal na jou inligting kyk. As daar genoeg getuienis is sal 'n tussentydse (tydelike) beskermingsbevel uitgereik word. Die Magistraat mag vir meer inligting vra voordat 'n besluit geneem kan word.
4. Wanneer die mishandelaar die beskermingsbevel ontvang sal hy moet besluit of hy kapsie daarteen gaan maak.
5. As die mishandelaar nie saamstem nie, kan 'n informele verhoor by die Magistraatskantoor gehou word. Hierdie verhoor is privaat en beide persone kan hul kant van die saak stel. Die Magistraat kan dan besluit of hy 'n finale beskermingsbevel gaan uitreik al dan nie.
6. Indien die mishandelaar die beskermingsbevel aanvaar, gaan dit in werking tree sonder 'n verhoor.
7. Die hof gaan 'n afskrif van die beskermingsbevel na die plaaslike polisiestasie stuur.




**Vir meer inligting, raadpleeg gerus die Legal Assistance Centre se *Gids oor die Wet op die Bekamping van Huishoudelike Geweld, Wet 4 van 2003.***




Befondsing:
**Die Franse Ambassade in Namibië**

**Legal Assistance Centre**
P.O. Box 604, Windhoek, Namibia
Tel. 061-223356